

**DIE GEHALTE VAN ONDERSOEKE EN DIE INSTITUSIONELE OORDRA VAN DATA
OOR AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAKE**

W F MALHERBE

DIE GEHALTE VAN ONDERSOEKE EN DIE INSTITUSIONELE OORDRA VAN DATA OOR AANMELDBARE VOEDSEL- VERGIFTIGINGSUITBRAKE

W F MALHERBE


Verhandeling ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die Meestersgraad in Tegnologie (Omgewingsgesondheid) by die Skool vir Lewenswetenskappe aan die Kaapse Technikon.

Studieleiers: Mnr C W Derry
Mnr S A Luyt

Datum: Desember 1997

VERKLARING

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende, dat die inhoud van die verhandeling my eie werk verteenwoordig. Die verhandeling is nog nie voorheen ingedien vir die verkryging van enige diploma, graad of eksamen by enige ander instansie nie.



.....

14:10:1997

.....

W F MALHERBE**DATUM**

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag 'n spesiale woord van dank aan die volgende persone en instansies rig vir hul gewaardeerde hulp en ondersteuning met hierdie studie:

Die Departement van Gesondheid en die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (S.N.O.) vir die finansiële steun met die projek.

Hiermee word Mnr C W Derry as studieleier bedank vir sy deeglikheid, professionele leiding en kundige insette. Dit was 'n voorreg om onder u bekwame leiding hierdie navorsing te onderneem.

Mnr S A Luyt my eksterne studieleier gedurende die navorsingsprojek vir hulp en leiding tydens die studie.

Prof D J Van Schalkwyk Mede-direkteur: Skool vir Sake-Informatika Kaapse Technikon asook sy kollegas wat my van raad voorsien het met die opstel van die databasis en verwerking van die data.

Mev E M Webb Mediese Natuurwetenskaplike Departement van Gesondheid Direktoraat: Epidemiologie, Pretoria vir die verskaffing van inligting asook hulp met die verwerking van statistiek.

Mnr M L Kalis Senior lektor: Skool vir Lewenswetenskappe Kaapse Technikon vir die gewaardeerde morele ondersteuning en behulpzaamheid tydens die studie.

Mnr C H Brink en Mej A du Plooy vir hulp met die uitleg van die algemene vraelys.

Dr Diane Roberts Adjunk Direkteur: Publieke Gesondheid Laboratorium Dienste, Sentrale Publieke Gesondheid Laboratorium, Voedselhygiëne Laboratorium, Londen.

'n Spesiale woord van dank aan al die ander persone en instansies wat tydens die studie betrokke was by die projek.

OPSOMMING

Die studieprojek vors na die gehalte van ondersoeke en die institusionele oordra van data oor aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in "die studiestreek", dit wil sê in die Noord-, Oos- en Wes-Kaapprovinsies.

Deur vergelyking van die data van die sentrale-, provinsiale- en plaaslike regerings se totale aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake-aanmeldings vir spesifieke plaaslike gebiede is probleme van onvolledige en swak data, swak voltooië verslae en onkundigheid by gesondheidswerkers oor wat aanmeldbare mediese toestande is geïdentifiseer.

Vir die doeleindes van toekomstige verbeteringe is verskeie gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

SUMMARY

The study project researched the quality of the investigations and the institutional transfer of data regarding notifiable food poisoning outbreaks reflected in "the study region", that is to say North-, East- and Western Cape Provinces.

In comparing the data of the central-, provincial- and local governments' total notifiable food poisoning outbreaks notifications for specific local areas, problems relating to incomplete and poor data, poorly completed reports and ignorance of health workers re notifiable medical conditions were identified.

Various conclusions and recommendations were made for the purpose of future improvements.

INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING	1
1.1	Retrospektiewe Oorsig	1
1.2	Omvang en Doelstellings van die Studie	3
1.3	Voorlopige Studie	4
1.3.1	Literatuurstudie	4
1.3.2	Loodsstudie	5
1.3.3	Oorsig van Metode	7
2.	VERKRYGING VAN DIE DATA	8
2.1	Tipes	8
2.1.1	Kwantitatief	8
2.1.2	Kwalitatief	10
2.2	Inleiding tot die Algemene Vraelys	12
2.3	Algemeen	13
2.3.1	Doel	13
2.3.2	Ontwerp	15
2.3.3	Konstruksie Beginsels	17
2.3.4	Klassifisering van Vrae	22
2.3.5	Eienskappe in die Ontwerp	23
2.3.6	Verwerking van die Data	25
3.	METODE	26
3.1	Metode van Ontleding van Data	26
3.2	Toets van die Algemene Vraelys	29
4.	RESULTATE	31
4.1	Kwaliteit van Institusionele Data Transmissie	31

4.2	Kwaliteit van Datagenerasie Tydens Veldondersoeke Soos Deur Vraelys en Onderzoek van Verslae Bepaal	44
4.2.1	Aantal Plaaslike Regerings in "die Studiestreek"	44
4.2.2	Gradering van Plaaslike Regerings (Munisipaliteite) in "die Studiestreek"	44
4.2.3	Gesondheidswerkers wat 'n Rol Vervul Tydens die Onder- soek van 'n Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbraak .	47
4.2.4	Plaaslike Regerings met 'n Voorligtingsveldtog in werking	49
4.2.5	Tipes Voedselvergiftigingsagense Betrokke en Aan- tal Uitbrake oor die Studietydperk 1989 tot 1992	51
4.2.6	Voltooiing van Verslae deur die Onderzoekbeampste na Voltooiing van 'n Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuit- braak	53
4.2.7	Tipe Inligting Deurgegee aan die Departement van Gesondheid	55
4.2.8	Nie-aangemelde Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake Waarvan Plaaslike Regerings Bewus is	56
4.2.9	Aantal Pasiënte Betrokke By Nie-aangemelde Aanmeldbare Voedselvergiftigingsgevalle	57
4.3	Lys van Voorgestelde Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat deur die Plaaslike Regerings Aan- gedui is as Moontlike Byvoegings tot die Aanmeldbare Voedselvergiftigings Definisie	58
4.4	Betrokkenheid van die Verskillende Gesondheids- personeellede en Lede van Publiek by die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	59

4.4.1	Die Rol van die Algemene Praktisyn in die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	59
4.4.2	Die Rol van die Hospitaal Personeel in die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	60
4.4.3	Die Rol van Lede van die Publiek in die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	60
4.4.4	Die Rol van die Distriksgeneeshere in die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	60
4.4.5	Die Rol van die Susters en Klinieksusters in die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	60
4.4.6	Die Rol van Departement van Gesondheid in die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	61
4.5	Aantal Inspeksies Per Jaar by die Verskillende Voedselpersele	62
4.5.1	Bespreking van Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Verskillende Voedselpersele	62
4.5.1.1	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Restourante en Teekamers	64
4.5.1.2	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Wegneemete persele	64
4.5.1.3	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Hotelle	64
4.5.1.4	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Bakkerye	65
4.5.1.5	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Voedselfabrieke	65

4.5.1.6	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Slaghuise	66
4.5.1.7	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Vishandelaars & Visbakkers	66
4.5.1.8	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Supermarkte & Superettes	66
4.5.1.9	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Melkerye	67
4.5.1.10	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Smouse	67
4.5.1.11	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Werkswinkels	68
4.5.1.12	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Abattoirs	68
4.5.1.13	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Nie-lisensieerbare Persele	69
4.5.1.14	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Winkels	69
4.5.1.15	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Tuisnywerhede	69
4.5.1.16	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Koshuise	70
4.5.1.17	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Ouetehuise	70
4.5.1.18	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Informele Voedselhanteerders	71
4.5.1.19	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Algemene Handelaars	71

4.5.1.20	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Sakepersele	71
4.5.1.21	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Privaat Wonings	72
4.5.1.22	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar ten Opsigte van Ander Persele	72
5.	BESPREKING VAN RESULTATE	73
5.1	Data Afkomstig van Sentrale-, Provinsiale- en Plaas- like Regerings	73
5.2	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat by die Aanmeldbare Voedselvergiftigings Definisie Byge- voeg kon word	73
5.2.1	Metaalvergiftiging	74
5.2.2	Histamiene	75
5.2.3	Pestisiedes	75
5.2.4	Chemikalieë	76
5.2.5	Parasiete	77
5.2.6	Swamme	77
5.2.7	Cholera	77
5.2.8	Gastro-enteritis	78
5.2.9	Vibrio Gastro-enteritidis	78
5.2.10	Yersiniosis	79
5.2.11	<i>Shigella</i>	80
5.2.12	Streptokokkale Infeksies	80
5.2.13	<i>Streptococcus pyogenes</i>	81
5.2.14	<i>Escherichia coli</i>	81
5.2.15	<i>Bacillus cereus</i>	82
5.2.16	<i>Vibrio cholera</i>	83

5.2.17	<i>Vibrio parahaemolyticus</i>	84
5.2.18	<i>Campylobacter</i>	84
6.	GEVOLGTREKKINGS	86
7.	AANBEVELINGS	88
8.	VERWYSINGSBRONNE	90
9.	AANHANGSELS	94
9.1	Aanhangsel A: Afrikaanse Vraelys	95
9.2	Aanhangsel B: Engelse Vraelys	99
9.3	Aanhangsel C: Sleutelwoorde vir Rekenaarsoektog	103
9.4	Aanhangsel D: Woordomsrywings	104
9.5	Aanhangsel E: Lys van Plaaslike Regerings wat aan die Studie Deelgeneem het	107
9.6	Aanhangsel F: Frekwensie Tabelle	115
9.7	Aanhangsel G: Meetinstrument	149
9.8	Aanhangsel H: Kriteria Waaraan Verslag Moet Voldoen .	150
9.9	Aanhangsel I: Vergelyking van Sentrale-, Provin- siale- en Plaaslike Regering se Aan- meldbare voedselvergiftigingsaanmel- dings vir Spesifieke Plaaslike Ge- biede vir die Tydperk 1989 tot 1992 ...	152
9.10	Aanhangsel J: Voedselvergiftigingskriteria	153
9.11	Aanhangsel K: Inligting met betrekking tot Voedsel- vergiftigingsverslae soos Bepaal met die Meetinstrument (Aanhangsel G)	155

TABELLE

Tabel 1:	Vergelyking van Verskille tussen Sentrale-, Provinsiale- en Plaaslike Regering se Totale Aanmeldbare Voedselvergiftigingsaanmeldings vir Dieselfde Plaaslike Gebiede vir die Studietydperk	33
Tabel 2:	Vergelyking van Sentrale-, Provinsiale- en Plaaslike Regering se Aanmeldbare Voedselvergiftigingsaanmeldings vir Dieselfde Plaaslike Gebiede vir 1989	36
Tabel 3:	Vergelyking van Sentrale-, Provinsiale- en Plaaslike Regering se Aanmeldbare Voedselvergiftigingsaanmeldings vir Dieselfde Plaaslike Gebiede vir 1990	38
Tabel 4:	Vergelyking van Sentrale-, Provinsiale- en Plaaslike Regering se Aanmeldbare Voedselvergiftigingsaanmeldings vir Dieselfde Plaaslike Gebiede vir 1991	40
Tabel 5:	Vergelyking van Sentrale-, Provinsiale- en Plaaslike Regering se Aanmeldbare Voedselvergiftigingsaanmeldings vir Dieselfde Plaaslike Gebiede vir 1992	42
Tabel 6:	Opsommingstabel van Gegradeerde Munisipaliteite in die Studiestreek	44
Tabel 7:	Aantal Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake Volgens Gradering van Munisipaliteite	46
Tabel 8:	Opsommingstabel van Gesondheidswerkers wat 'n Rol Vervul Tydens die Onderzoek van 'n Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbraak	48
Tabel 9:	Tipes Voedselvergiftigingsagense Betrokke en Aantal Uitbrake oor die Studietydperk 1989 tot 1992	51
Tabel 10:	Opsommingstabel van Betrokke Aanmelders van Uitbrake	59
Tabel F1:	Aantal Plaaslike Regerings (Munisipaliteite en Streeksdiensterade) in die Studiestreek	115
Tabel F2:	Gradering van Munisipaliteite in die Studiestreek	115
Tabel F3:	Amptenare Betrokke by die Voltooing van die Voedselvergiftigingsvraelys	116

Tabel F4:	Beskikking van Plaaslike Regerings oor Gesondheidsdepartemente	117
Tabel F5:	Onderzoek van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake deur Mediese Gesondheidsbeampes	117
Tabel F6:	Onderzoek van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake deur Hoof-omgewingsgesondheidsbeampes	117
Tabel F7:	Onderzoek van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake deur Senior Omgewingsgesondheidsbeampes	118
Tabel F8:	Onderzoek van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake deur Omgewingsgesondheidsbeampes	118
Tabel F9:	Onderzoek van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake deur Distriksgeneeshere	118
Tabel F10:	Onderzoek van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake deur Dokters	119
Tabel F11:	Onderzoek van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake deur Klinieksusters / Verpleegkundiges	119
Tabel F12:	Onderzoek van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake deur Hoof: Gesondheidsdienste / Assistent Hoof: Gesondheidsdienste	119
Tabel F13:	Onderzoek van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake deur die Departement van Gesondheid ..	120
Tabel F14:	Plaaslike Regerings met 'n Voorligtingsveldtog in Werking	120
Tabel F15:	Plaaslike Regerings met 'n Spesifieke Voedselvoorligtingsveldtog in Werking	120
Tabel F16:	Aantal en Tipes Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake vir 1989	121
Tabel F17:	Aantal Pasiënte Betrokke by Elk van die Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake vir 1989	121
Tabel F18:	Aantal en Tipes Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake vir 1990	122
Tabel F19:	Aantal Pasiënte Betrokke by Elk van die Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake vir 1990	123
Tabel F20:	Aantal en Tipes Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake vir 1991	123
Tabel F21:	Aantal Pasiënte Betrokke by Elk van die Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake vir 1991	123

Tabel F22:	Aantal en Tipes Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake vir 1992	124
Tabel F23:	Aantal Pasiënte Betrokke by Elk van die Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake vir 1992	124
Tabel F24:	Voltooing van Verslae t.o.v. Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	125
Tabel F25:	Oorsending van Inligting aan Departement van Gesondheid	125
Tabel F26:	Oorsending van Inligting t.o.v. Getalle	125
Tabel F27:	Oorsending van Inligting t.o.v. Ouderdom	125
Tabel F28:	Oorsending van Inligting t.o.v. Adres	126
Tabel F29:	Oorsending van Inligting t.o.v. Datum van Aanmelding	126
Tabel F30:	Oorsending van Inligting t.o.v. Naam en Van ...	126
Tabel F31:	Oorsending van Inligting t.o.v. Simptome	126
Tabel F32:	Oorsending van Inligting t.o.v. Inkubasietydperk	126
Tabel F33:	Oorsending van Inligting t.o.v. Veroorsakende Organisme	127
Tabel F34:	Oorsending van Inligting t.o.v. Optrede	127
Tabel F35:	Oorsending van Uitslae t.o.v Monsters Geneem ..	127
Tabel F36:	Oorsending van Inligting t.o.v. Geslag	127
Tabel F37:	Oorsending van Inligting t.o.v. Opvoeding	127
Tabel F38:	Gevalle van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsgevalle wat nie Aangemeld is nie	128
Tabel F39:	Aantal Pasiënte Betrokke by Elke Uitbraak (Soos in Veldondersoek Bespreek)	128
Tabel F40:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Restourante en Teekamers	129
Tabel F41:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Wegneemete Persele	130
Tabel F42:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Hotelle	131

Tabel F43:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Bakkerye	132
Tabel F44:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Voedselfabrieke	133
Tabel F45:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Slaghuise	134
Tabel F46:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Vishandelaars & Visbakkers	135
Tabel F47:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Supermarkte & Superettes	136
Tabel F48:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Melkerye	137
Tabel F49:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Smouse	137
Tabel F50:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Werkswinkels	137
Tabel F51:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Abattoirs	138
Tabel F52:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Nie-lisensieerbare Persele	138
Tabel F53:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Winkels	138
Tabel F54:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Tuisnywerhede	139
Tabel F55:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Koshuise	139
Tabel F56:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Ouetehuise	139
Tabel F57:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Informele Voedselhanteerders	140
Tabel F58:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Algemene Handelaars	140
Tabel F59:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Sakepersele	140
Tabel F60:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Privaat Wonings	141
Tabel F61:	Benaderde Aantal Inspeksies per Jaar t.o.v. Ander Persele	141

Tabel F62:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergiftig- ingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : Metaalver- giftiging	141
Tabel F63:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergif- tigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : Hista- miene	142
Tabel F64:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergif- tigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : Pesti- siedes	142
Tabel F65:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergif- tigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : Chemika- lieë	142
Tabel F66:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergif- tigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : Para- siete	142
Tabel F67:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergif- tigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : Swamme ...	142
Tabel F68:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergif- tigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : Cholera ..	143
Tabel F69:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergif- tigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : Gastro- enteritis	143
Tabel F70:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergif- tigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : Gastro- enteritidis	143
Tabel F71:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergif- tigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : Yersini- osis	143
Tabel F72:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergif- tigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : <i>Shigella</i> .	144
Tabel F73:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergif- tigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : Strepto- kokkale Infeksies	144

Tabel F74:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergiftigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : <i>Streptococcus pyogenes</i>	144
Tabel F75:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergiftigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : <i>Escherichia coli</i>	144
Tabel F76:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergiftigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : <i>Bacillus cereus</i>	145
Tabel F77:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergiftigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : <i>Vibrio cholera</i>	145
Tabel F78:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergiftigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : <i>Vibrio parahaemolyticus</i>	145
Tabel F79:	Addisionele Voedselgedraagde Siektetoestande wat Onder die Aanmeldbare Voedselvergiftigingsdefinisie Bygevoeg Kon Word : <i>Campylobacter</i>	145
Tabel F80:	Betrokkenheid van Algemene Praktisyns by die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	146
Tabel F81:	Betrokkenheid van Hospitaal Personeel by die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	146
Tabel F82:	Betrokkenheid van Lede van Publiek by die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	146
Tabel F83:	Betrokkenheid van Distriksgeneeshere by die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	147
Tabel F84:	Betrokkenheid van Susters en Klinieksusters by die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	148
Tabel F85:	Betrokkenheid van Departement van Gesondheid by die Aanmelding van Aanmeldbare Voedselvergiftigingsuitbrake	148

1. INLEIDING

1.1 RETROSPEKTIEWE OORSIG

Aanmeldbare voedselvergiftigingsgevalle in Engeland en Wallis het toegeneem oor die laaste dekade, van 30 gevalle tot 140 gevalle per 100 000 persone.¹

Australië se gerapporteerde gevalle van salmonellosis het oor die afgelope 40 jaar toegeneem van 3 tot 33 gevalle per 100 000 persone.²

Volgens die Amerikaanse Food and Drugs Administration (FDA) word die huidige getal gevalle in die Verenigde State van Amerika tussen 24 miljoen en 81 miljoen beraam met 10 000 "onnodige sterftes" as gevolg van voedselvergiftiging elke jaar.²

In Suid-Afrika voor 1989 word dit verdag deur die Direktooraat Epidemiologie, Departement van Gesondheid, Pretoria dat die getalle 'n onlangse toename ondergaan het toegeskryf weens die feit dat daar 'n neiging vir meer "natuurlike" voedsel vry van enige preserveermiddels bestaan, en wetlike voedselbeheermaatreëls wat weens deregulasie afgeskaal word.^{3,6}

Dit is bekend dat heelwat minderbevoorregte Suid-Afrikaners blootgestel word aan verskeie risiko faktore aangaande

voedselvergiftiging. Daarom word tans 'n toename in voedselvergiftigingsaanmeldings verwag. As gevolg van bogenoemde is akkurate voedselvergiftigingsaanmeldings noodsaaklik.

Om akkurate syfers in die toekoms te verkry word Regulasie 2708⁴ op 15 Desember 1989 in terme van artikel 45 van Wet 63 van 1977 (Wet op Gesondheid) om voedselvergiftigingsuitbrake waarby meer as vier persone betrokke is, as 'n aanmeldbare mediese toestand te verklaar, gepromulgeer.⁵

Sedertdien is die bestaan van talle probleme deur die Departement van Gesondheid vermoed, onder andere met die aanmelding van gevalle, ongestandardiseerde verslae vanaf plaaslike regerings, onakkurate data, onsekerheid by gesondheidswerkers in die veld, asook met die kwaliteit van die inligting wat versamel word.³

Die huidige studie poog om sekere van die veronderstellende probleemareas te meet, te ondersoek en te beskryf.

1.2 OMVANG EN DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

Die doelstellings van die studie was:

- i) Om die huidige gehalte in plaaslike regerings te meet ten opsigte van die aanmelding, aantekening en ondersoek van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake.
- ii) Om die huidige proses van aanmelding, ondersoek, ingryping, verslagdoening en databestuur in terme van aanvaarde plaaslike en internasionale wetenskaplike en wetlike norme te ondersoek en te beskryf.
- iii) Om aanbevelings rakende die bestuur van voedselvergiftigingsuitbrake-ondersoeke deur plaaslike regerings te verbeter.

1.3 VOORLOPIGE STUDIE

1.3.1 LITERATUURSTUDIE

'n Rekenaarsoektog is onderneem om voedselvergiftigings-artikels vanaf relevante plaaslike- en oorsese databasisse volgens 'n lys sleutelwoorde op te spoor. (Aanhangsel C). Uit die 55 artikels wat opgelewer word wat van toepassing is op die studie is slegs een artikel van Suid-Afrikaanse oorsprong, wat as addisionele motivering vir die huidige studie geld.

Soektogte na artikels oor vraelysontwerp in voedselvergiftigingsopname het slegs agt artikels wat van toepassing is op die studie opgelewer. 'n Soektog van Suid-Afrikaanse periodicals (ISAP) kon geen plaaslike artikels wat van toepassing is op die studie opspoor nie, wat ook dien as motivering vir die huidige studie.

1.3.2 LOODSSTUDIE

Die doel van die loodsstudie was om vas te stel of genoegsame inligting en data beskikbaar is op nasionale- provinsiale- en plaaslike vlak om die navorsingsprojek van stapel te stuur.

Aangesien voedselvergiftigingsuitbrake waarby meer as vier persone betrokke is, sedert 15 Desember 1989 as 'n aanmeldbare mediese toestand verklaar is in die Republiek van Suid-Afrika, word plaaslike regerings ingevolge Wet 63 van 1977 (Wet op Gesondheid) verplig om voedselvergiftigingsuitbrake waarby meer as vier persone betrokke is aan te meld by die Departement van Gesondheid.⁴

Besprekings met gesondheidspersoneel in die veld het aan die lig gebring dat daar tans verskeie probleemareas voorkom ten opsigte van die huidige metode van aanmelding.

Korrespondensie is ook gevoer met die Departement van Gesondheid te Pretoria om sodoende vas te stel watter probleme die Departement tans ondervind met die oordrag van inligting vanaf die streekkantore en plaaslike regerings.³

Die loodsstudie is deel van die eerste stadium van die studie om basiese inligting te kry deur middel van briefwisseling en onderhoude wat later as leiding kan dien.

Die resultate van die loodsstudie word vergelyk met bestaande riglyne om die geskiktheid vas te stel van al die verskeie komponente wat in die hoofstudie, sowel as die studie protokol (die monstergrootte, die metode van onderhoudvoering, vraelyste, en metodes vir statistiese ontleding van die data versamel insluitende die rekenaarprogramme), gebruik gaan word.⁷

1.3.3 OORSIG VAN METODE

Die drie metodes wat tydens die studie gebruik was is as volg:

1. Deursnee, analitiese vergelyking van die datastelle van die verskillende vlakke van regerings vir dieselfde plaaslike regeringsgebiede.
2. Kwalitatiewe en kwantitatiewe analises van die verslae met betrekking tot aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake deur middel van die gestandaardiseerde meetinstrument.
3. Kwalitatiewe en kwantitatiewe analises van die vraelys inligting met betrekking tot die ondersoek van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake.

2. VERKRYGING VAN DIE DATA

2.1 TYPES

2.1.1 KWANTITATIEF

Kwantitatiewe data is verkry deur middel van verslae en rekords afkomstig vanaf plaaslike-, provinsiale- en sentrale regering. Aanvullende kwantitatiewe data vanaf plaaslike regerings is bekom deur middel van 'n algemene vraelys. Die data is gestratifiseer om frekwensietabelle te verskaf, soos in Aanhangsel F gewys.

Data van aangemelde aanmeldbare voedselvergiftigings is verkry van die drie gesondheidskantore in die Noord-, Oos- en Wes-Kaapprovinsies in die vorm van rekenaardrukstukke.

Data van die Departement van Gesondheid se hoofkantoor is op rekenaardisket voorsien. Gereelde bygewerkte weergawes op rekenaardisket is ook ontvang vir die tydperk 1989 tot 1992.

Spesifieke kwantitatiewe data en inligting wat deur middel van die algemene vraelys verkry is, sluit die volgende in:

- i) Die aantal aanmeldbare voedselvergiftigings-uitbrake wat deur die gesondheidsdepartement ondersoek was.

- ii) Die aantal persone betrokke in gevalle wat voorgekom het.
- iii) Die aantal inspeksies per jaar ten opsigte van die verskillende tipes persele.
- iv) Enige ander voedselgedraagde siektetoestand om by die lys te voeg.
- v) Enige verdere kommentaar of voorstelle.

Sien ook Aanhangsels A en B vir die algemene Algemene Vraelys in Afrikaans en Engels.

2.1.2 KWALITATIEF

Die kwalitatiewe data in die studieprojek word gebaseer op:

1. Die verslae wat die plaaslike regerings opgestel het nadat aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake ondersoek is.
2. Verslae afkomstig van provinsiale- en sentrale regering.
3. Kwalitatiewe response in terme van vraelys antwoorde.

Spesifieke kwalitatiewe data en inligting wat deur middel van die algemene vraelys verkry is, sluit die volgende in:

- i) Die beskikking van 'n plaaslike regering oor 'n gesondheidsdepartement.
- ii) Die persone wat aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake ondersoek.
- iii) Die beskikbaarheid van 'n gesondheidsvoorligtingsveldtog.
- iv) Die voltooiing van 'n verslag deur die ondersoekbeampte.

- v) Die inligting wat aan die Departement van Gesondheid gestuur word.
- vi) Graad van bewustheid van enige uitbrake wat nie aangemeld is vir ondersoek.

2.2 INLEIDING TOT DIE ALGEMENE VRAELYS

Die algemene vraelys het gedien as 'n riglyn en hulpmiddel om inligting vanaf die verskeie plaaslike regerings in "die studiestreek" te bekom.

Die algemene vraelys het die vrae sowel as die plek en spasie waar die antwoorde aangeteken moes word vertoon.⁹

Die uitleg van die algemene vraelys word getoon in Aanhangsels A en B.

2.3 ALGEMEEN

2.3.1 DOEL

Vir die doel van hierdie studie word beide munisipaliteite en streeksdiensterade as plaaslike regerings beskou. Om inligting vanaf die plaaslike regerings in "die studie-streek" in te samel op 'n gestandardiseerde basis word 'n vraelys gebruik. (Aanhangsels A en B toon die algemene vraelys in Afrikaans en Engels).

Die respons op die algemene vraelys wat aan die 236 plaaslike regerings (munisipaliteite en streeksdiensterade) uitgestuur was, was 92% (n=216). Alle vraelyste wat teruggestuur is, was nie almal volledig voltooi nie.

Die algemene vraelys is om die volgende redes gebruik tydens die versameling van inligting tydens die studie:

i) Kostevoordeel:

Elke plaaslike regering hoef nie fisies besoek te word nie.

ii) Erkende navorsingsmetode:

Vir die bepaalde doel is vraelyste 'n erkende navorsingsmetode en het die versameling van data vanaf die 236 plaaslike regerings wat geografies verspreid is vergemaklik.^{8,9}

iii) Verskaf vaste noteringsvorm en struktuur:

Dien as vaste noteringsvorm vir waarnemings wat verkry is.^{9,10}

iv) Akkurate inligting te bekom:

Om akkurate inligting van die respondent te bekom.

Akkurate inligting word bekom deur die regte getoetsevræe aan die regte persoon te vra.⁹

2.3.2 ONTWERP

'n Semi-gestruktureerde, self-geadministreerde posvraelys, wat 'n aantal maklik beantwoordbare voorafgedefinieerde-vrae asook oop vrae insluit, is gebruik.

'n Semi-gestruktureerde vraelys word gedefinieer as 'n vraelys waarin daar 'n mengsel van vrae met voorafgedefinieerde antwoorde (vaste respons vrae) is, sowel as vrae waar die respondent vry is om te sê wat hy wil.⁹

'n Semi-gestruktureerde vraelys word vir die volgende redes gebruik:

- i) om die voltooiing van die vraelys te vergemaklik,
- ii) omrede dat die semi-gestruktureerde vraelys meer buigsaam as 'n gestruktureerde vraelys is⁹,
- iii) om die respondente 'n mate van vryheid te gee tydens die beantwoording van die vrae.

In die algemene vraelys (Aanhangsels A en B) is Vrae 1, 3.1, 3.2, 5, en 7 voorafgedefinieerde (geslote) vrae terwyl Vrae 2, 6, 10 en 11 ope vrae is. Die eenvoudigste van alle geslote vrae is waar daar slegs twee moontlike antwoorde is en hulle staan bekend as tweeledig. 'n Tipiese tweeledige vraag het die antwoord "ja" of "nee".⁹ (Sien

Aanhangsels A en B, Vrae 1, 3.1, 3.2, 5 en 7).

2.3.3 KONSTRUKSIE BEGINSELS

Die tipe vraelys wat tydens die studie gebruik is, was bepaal met inagneming van die volgende:

i) Maklik beantwoordbaar:⁹

Die vraelys word gekonstrueer, in terme van die benodighede soos uiteengesit deur Hague, om die korrekte ruimte te skep om die verskaffing van antwoorde te vergemaklik en aan te moedig, sonder om die respondent te lei.

ii) Tipe respondent:⁹

Die persone wat die vraelyste voltooi het was almal opgeleide omgewingsgesondheidsbeampes. 'n Geadministreerde vraelys was dus nie nodig nie, alhoewel die toets van die vraelys deur 'n goed definieerde groep omgewingsgesondheidsbeampes uitgevoer is.

iii) Tipe inligting wat versamel gaan word:⁹

Die inligting wat versamel is moes maklik ingevul kon word op die vraelys sonder om baie inspanning vir die respondent te veroorsaak. Daarom is antwoorde so kort as moontlik gehou

deur gebruik te maak van JA/NEE antwoorde, getalle en persone betrokke by die aanmelding en ondersoeke. Hierdeur is die data verwerking ook vergemaklik.

iv) Tipe ondervraers wat vraelyste gaan voltooi:⁹

Geen ondervraers is gebruik nie aangesien die vraelys per pos versend is om tyd en geld te bespaar.¹⁰

v) Metode van data analise en verdere verwerking van vraelyste:^{9,10}

Die semi-gestruktureerde vraelys was versoenbaar met die data analise metode wat tydens die studie gebruik is.

vi) Bewoording van die vrae duidelik verstaanbaar:

Die vraelys wat per pos versend is na die 236 plaaslike regerings in "die studiestreek" word op so 'n wyse opgestel dat alle vrae duidelik verstaanbaar is en sonder die navorser se hulp voltooi kon word.

vii) Gebruikersvriendelikheid:

Die formaat en tegniese versorging van die pos-

vraelys is as belangrik geag.¹³ Die vraelys het nie die indruk geskep dat dit maklik beantwoordbaar is nie, maar was ook gebruikersvriendelik. Geen jargon en snelskrif wat moontlik nie verstaan kon word deur die respondent is gebruik nie.

viii) Lengte en inhoud van die vrae:

Vrae is so kort en eenvoudig as moontlik gestel en is beperk tot elf.^{10,13} (Vrae 1, 2, 3.1, 5, 6, en 7).

Volgens Carrol se aanbevelings word die posvraelys beperk tot $3\frac{1}{2}$ bladsye.¹² Duidelike instruksies is by elke vraag aangebring om alle moontlike verwarring uit te skakel. Genoeg spasie om die voltooiing te vergemaklik is gelaat. Alle vrae is in duidelike en verstaanbare taal gestel. Alle vrae moes ook spesifiek wees om dubbelsinnigheid te voorkom.

Die respondente word gemotiveer om die vraelys te voltooi. Dit is bewerkstellig deur die respondent te oortuig dat die studie die moeite werd is, en dat sy samewerking noodsaaklik is. Dit is ook so in die dekkingsbrief gemeld.

ix) Tydperk waarin vraelys versend word:

Die vraelyste is versend lank voor die begin van die Junie skoolvakansie. Daardeur is verseker dat die vraelyste nie by die plaaslike regerings opdaag wanneer die beskikbare mannekrag op die laagste is nie.

x) Dekkingsbrief:

Alle posvraelyste wat tydens die studie uitgestuur is, is vergesel van 'n dekkingsbrief op briefhoofde van die Kaapse Technikon se Skool vir Lewenswetenskappe om te toon dat die ondersoek die steun van die Technikon geniet. Die dekkingsbriewe is deur die navorser onderteken.¹² Die doel en aard van die navorsingsprojek is ook in die dekkingsbrief uiteengesit.

xi) Gebruik van algemene terme:

Tydens die opstel van die vraelys is daar nie gebruik gemaak van terme soos "skaars", "sometyds", "gewoonlik" of "altyd" nie aangesien die terme nie dieselfde betekenis vir almal het nie.¹⁴ Daarom is daar eerder gebruik gemaak van getalle soos by vrae 4, 8 en 9 (Aanhangsels A en

B). Daar is ook gepoog om sover moontlik die vraelys so eenvoudig as moontlik te hou en om die vrae so te stel dat berekeninge nie vereis word om die vrae te beantwoord nie.¹⁴

- xii) Vorm wat die reaksies op die vrae moet aanneem:¹⁰

Die reaksies op die vrae word waar moontlik beperk tot JA/NEE antwoorde.

- xiii) Formaat, gehalte en kleur van papier gebruik:¹⁰

Die formaat van die uitleg van die vraelys word eenvoudig gehou. Die gehalte en kleur van papier word in ag geneem. Swart laserdrukwerk op wit papier word gebruik.

- xiv) Letter-tipe en spasiëring van drukwerk:¹⁰

Die tikwerk word gedoen in Word Perfect 5.1 in Courier 10 cpi. Die tikwerk word in dubbel spasiëring getik.

- xv) Volgorde waarop vrae gerangskik word:¹⁰

Die vrae word gerangskik van die maklikste tot dié wat meer inspanning verg.

2.3.4 KLASSIFISERING VAN VRAE

Die vraelys is opgemaak uit die volgende drie verskillende tipes vrae:

1. **Demografiese en gedragsvrae** waar feitelike inligting oor wie die respondent is, wat hy doen en die frekwensie waarby sekere aksies uitgevoer word.⁹ (Vrae 2, 6 en 11).
2. **Gesindheidsvrae** oor wat mense dink van iets en waarom hulle sekere dinge doen.⁹ (Vraag 10).
3. **Klassifikasievrae** waar inligting gebruik kan word om die respondente te groepeer, byvoorbeeld die graad van plaaslike regering, die tipe plaaslike regering, ensovoorts.⁹ (Vrae 1, 3.1, 3.2, 5, en 7).

Vrae 10 en 11 is ope vrae wat voorsiening maak vir die respondent om enige addisionele inligting of kommentaar te lewer.

2.3.5 EIENSKAPPE IN DIE ONTWERP

'n Suksesvolle vraelys fasiliteer die respondent deur die onderhoud in so 'n wyse dat hy of sy dit maklik vind om akkurate antwoorde op die vraelyste te gee.⁹ Dit was dus belangrik dat die vraelys in dié studie nie die respondent sou lei nie, anders sou die vraelys aan partydigheid ("bias") ly. In die verband is:⁹

1. die doelstellings van die opname duidelik omskryf in die dekkingsbrief;
2. die wyse waarop die onderhoud uitgevoer sou word vooraf beplan;
3. die kennis en belangstelling van die respondente wat almal die Nasionale Diploma in Omgewingsgesondheid of gelykwaardig voltooi het in ag geneem;
4. die inleiding van die vraelys deeglik beplan en die term aanmeldbare voedselvergiftiging volledig gedefinieer voordat die vrae gevra word (Sien Aanhangsels A en B);
5. die volgorde van die vrae bepaal, die makliker vrae eerste gevra gevolg deur die effe moeiliker vrae (Sien Aanhangsel A en B);

6. die tipe vrae beplan, byvoorbeeld oop- en geslote vrae;
7. die moontlike antwoorde op die vrae terselfdertyd in gedagte gehou;
8. die wyse waarop die data geprosesseer gaan word vasgestel (Sien 2.3.6 Verwerking van die Data).

2.3.6 VERWERKING VAN DIE DATA

Alle verwerkings van die data is met behulp van die rekenaarprogram Kwikstat, 'n kloon van Statgraphic, gedoen.

Die aanmeldbare voedselvergiftigingsverslae wat opgestel is deur die verskeie plaaslike regerings is deur middel van 'n meetinstrument (Aanhangsel G), wat vir die doel opgestel is, geëvalueer. Inligting met betrekking tot voedselvergiftigingsverslae soos bepaal met die meetinstrument (Aanhangsel G) verskyn in Aanhangsel K.

3. METODE

3.1 METODE VAN ONTLEDING VAN DATA

Die ontwikkelde studiemodel bestaan hoofsaaklik uit vier komponente:

- (i) Die vergelyking van die ingesamelde data in terme van aantal aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake en die getal pasiënte betrokke afkomstig van verskillende regeringsvlakke, dit wil sê die Departement van Gesondheid se hoofkantoor te Pretoria, drie gesondheidskantore en plaaslike regerings in "die studiestreek". (Tabelle 1-4).
- (ii) Die vergelyking van data met normes soos voorgeskryf in Brittanje en Amerika.^{24,25}
- (iii) Vergelyking van data van die 216 plaaslike regerings in die studiestreek met dié van die Departement se drie gesondheidskantore in "die studiestreek", asook die Departement se hoofkantoor in Pretoria (Tabelle 1-5).
- (iv) Die berekening van die verskil tussen plaaslike- en provinsiale regerings en tussen provinsiale- en sentrale regering. (Sien 4.1 Kwaliteit van

Institusionele Data Transmissie).

Uit die voorafgaande kan daar onderskei word tussen drie tipes resultate. Die resultate wat verkry word is as volg:

- (i) Resultate afkomstig van die vergelyking van data van die drie plaaslike regeringsvlakke, met ander woorde Sentrale-, Provinsiale- en Plaaslike regerings.
- (ii) Resultate afkomstig van die vraelysuitslae na aanleiding van die 236 posvraeyste wat versend is na verskeie plaaslike regerings in "die studiestreek".
- (iii) Resultate afkomstig van die kwaliteitsontleding van plaaslike regerings se verslae na aanleiding van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake.

Die resultate afkomstig van die vergelyking van data van die drie plaaslike regeringsvlakke is verkry deur 'n tabel op te stel met die drie plaaslike regeringsvlakke (sentrale-, provinsiale- en plaaslike regering) se aanmeldbare voedselvergiftigingsaanmeldings vir spesifieke plaaslike gebiede vir die tydperk 1989 tot 1992. (Sien Aanhangsel I).

Die resultate afkomstig van die kwaliteitsontleding van plaaslike regerings se verslae na aanleiding van voedselvergiftigingsuitbrake is bepaal deur gebruik te maak van die meetinstrument. (Sien Aanhangsel G). Die meetinstrument is gebruik vir die vergelyking van die belangrike kriteria tydens die

bestudering van die ongestandardiseerde aanmeldbare voedsel-
vergiftigingsverslae van plaaslike regerings in "die studie-
streek".

3.2 TOETS VAN DIE ALGEMENE VRAELYS

Die konsep vraelys word getoets in die loodsstudie om dit as metingsinstrument te verfyn om die kwaliteit van versamelde data te verbeter.^{7,13,15}

Die eerste konsep vraelys is gestuur na die Munisipaliteit van die Strand asook die Wes-Kaapse Streeksdiensteraad van Stellenbosch om die vraelys te toets deur dit aan die gesondheidsinspektoraat werksaam by die twee plaaslike regerings te gee om deur te werk en enige veranderings aan te bring. Alle lede van die inspektoraat by voorgenoemde twee plaaslike regerings het aan die "toets" deelgeneem. Veranderinge word soos nodig aangebring.

Die eerste konsep vraelys word ook aan 'n deskundige in voedselverwante vraelyste by die Mediese Navorsingsraad se "National Research Programme : Nutritional Intervention" (NRPNI) gestuur vir kommentaar.

Elke voedselvergiftigingsverslag is geëvalueer in terme van die 26 metingsinstrument-kriteria. (Sien Aanhangsel G vir die 26 Kriteria en Aanhangsel H vir volle resultate).

Die 26 metingsinstrument-kriteria is saamgestel om die bestudering van ongestandardiseerde voedselvergiftigingsverslae van plaaslike regerings in "die studiestreek" met mekaar te vergelyk. Die meetinstrument bestaan uit die volgende sewe hoof

kategorieë:

1. Aanmelding
2. Inligting Aangaande Pasiënt En Huishouding
3. Kliniese Data
4. Voedsel En Drank Verbruik In 72 Uur Voor Eerste Simptome
5. Verskaffers Van Huishoudelike Voedsel, Melk En Water
6. Monsters Geneem
7. Naam Van Persoon Wat Vorm Voltooi En Datum Van Voltooiing

Die bogenoemde sewe hoof kategorieë bestaan weer uit 26 belangrike onderafdelings (die kriteria) wat belangrik is tydens die vergelyking van ongestandaardiseerde voedselvergiftigings-verslae met mekaar.

Die metingsinstrument is saamgestel deur van internasionale standaarde en -riglyne gebruik te maak aangesien Suid-Afrikaanse standaarde en -riglyne ontbreek het.

Die munisipaliteite se graderings is bekom om vas te stel hoeveel van 'n sekere grootte munisipaliteite daar is. Van die 213 munisipaliteite kon 210 se graderings bekom word. Twee kon nie bekom word nie, en die ander munisipaliteit is deur die administrateur van die destydse Kaapprovinsie ontbind.

4. RESULTATE

4.1 KWALITEIT VAN INSTITUSIONELE DATA TRANSMISSIE

Die resultate wat in hierdie hoofstuk bespreek word is drieledig van aard:

- (i) dié wat gegenereer word deur middel van vergelyking van data van die drie regeringsvlakke;
- (ii) dié wat kom van die vraelysuitslae;
- (iii) dié wat kom van die kwaliteitsontleding van plaaslike regerings se verslae.

In die onderstaande Tabel 1 word die resultate tussen die aantal aanmeldbare voedselvergiftigingsaanmeldings van die drie vlakke van regering, met ander woorde Sentrale-, Provinsiale- en Plaaslike regerings, met mekaar vergelyk ten opsigte van uitbrake wat in die spesifieke gebiede plaasgevind het gedurende die studietydperk wat vanaf 15 Desember 1989 tot 31 Desember 1992 gestrek het. 10,6% (n=25) van die plaaslike regerings het voedselvergiftigingsuitbrake in hulle onderskeie plaaslike regeringsgebiede gehad wat aanmeldbaar was. Die ander plaaslike regerings het geen aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in hulle onderskeie plaaslike regeringsgebiede gehad nie en is

gevolglik uitgelaat in Tabel 1.

TABEL 1: SENTRALE-, PROVINSIALE- EN PLAASLIKE REGERING SE TOTALE AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSAANMELDINGS VIR DIESELFDE PLAASLIKE GEBIEDE VIR DIE STUDIETYDPERK.

GEBIED (KODE)	SENTRAAL	PROVINSIAAL	PLAASLIK
14	5	0	0
15	0	17	0
23	21	0	0
29	94	51	57
37	118	25	0
49	0	0	1
53	0	51	5
58	70	0	0
66	79	84	85
97	0	6	6
99	0	0	7
126	192	44	68
136	19	0	0
150	105	0	80
171	11	0	0
185	0	0	3
193	5	0	0
194	30	45	53
206	14	0	0
207	132	0	0
209	15	16	16
223	0	17	17
230	25	0	0
233	GT	45	48
235	0	11	41

PLAASLIK = Plaaslike Regerings
GT = Geen Terugvoering

PROVINSIAAL = Provinsiale Regerings
SENTRAAL = Sentrale Regering

Die aantal persone betrokke in elke aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbraak in die betrokke plaaslike regeringsgebied word opeenvolgend deurgegee na die provinsiale regering wat dan op sy beurt die inligting deurgegee na die sentrale regering. Gevolglik behoort die data op al drie die vlakke dieselfde te wees indien die data korrek opgeteken en deurgegee word. Dit dien vermeld te word dat sekere provinsiale hospitale gedurende die studietydperk wel aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake ondervind het, maar dat dit direk aan die provinsiale regering aangemeld was aangesien daar nie duidelikheid bestaan aan wie daar in sulke gevalle aangemeld moet word nie. Tabel 1 toon, egter, dat daar in 52% (n=13) van die gevalle 'n verskil in data is wat vanaf die plaaslike regerings deurgegee is aan die provinsiale regerings. Data wat vanaf provinsiale regerings deurgegee is aan sentrale regering verskil in 87,5% (n=21) van die gevalle. Die oorsake van die "mismatch" van data by die drie verskillende aanmeldingsvlakke word geïdentifiseer as:

- (i) Alle data is nie oorgesend na die betrokke provinsiale- en sentrale regerings nie;
- (ii) Die korrekte data vir 'n spesifieke gebied foutiewelik ingesleutel is in 'n verkeerde gebied;
- (iii) Foutiewe data vir 'n spesifieke gebied

ingesleutel word deurdat die persoon wat die data inpons 'n 5 vir 'n 6 aansien.

Die data word verder gestratifiseer oor die studietydperk.

Tabel 2 toon die verskille tussen die aantal aanmeldbare voedselvergiftigingsaanmeldings van die drie vlakke van regering, met ander woorde sentrale-, provinsiale- en plaaslike regerings, met mekaar ten opsigte van uitbrake wat in spesifieke gebiede plaasgevind het vanaf 15 Desember 1989 tot 31 Desember 1989. 2,9% (n=7) van die plaaslike regerings het aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in hulle onderskeie plaaslike regeringsgebiede gehad wat aangemeld is. 97,0% (n=229) van die plaaslike regerings het geen aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in hulle onderskeie plaaslike regeringsgebiede oor hierdie periode gehad nie en is gevolglik uitgelaat in Tabel 2.

TABEL 2: SENTRALE-, PROVINSIALE- EN PLAASLIKE REGERINGS
SE AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGS AANMELDINGS
VIR DIESELFDE PLAASLIKE GEBIEDE VIR 1989.

GEBIED (PLAASLIKE REGERINGS KODE)	SENTRALE REGERING	PROVINSIALE REGERING	PLAASLIKE REGERING
23	15	0	0
37	60	0	0
58	70	0	0
150	NB	0	0
193	5	0	0
233	GT	0	0
235	0	0	8

NB = Nie Beskikbaar

GT = Geen Terugvoering

In Tabel 2 kan waargeneem word dat daar in die meeste gevalle gedurende hierdie periode in 1989 geen data van die plaaslike- en provinsiale regerings verkry kon word nie. Slegs een plaaslike regering het data van aanmeldings in sy plaaslike regeringsgebied verskaf. Die provinsiale regering het in al sewe gevalle geen data voorsien nie. Die sentrale regering het slegs in een geval nie oor enige data beskik nie. Daar moet egter gelet word daarop dat voedselvergiftigingsuitbrake van meer as vier persone eers sedert 15 Desember 1989 as aanmeldbare mediese toestand in die Republiek van Suid-Afrika verklaar is.

In die onderstaande Tabel 3 word die aantal aanmeldbare voedselvergiftigingsaanmeldings van die drie vlakke van regering, met ander woorde sentrale-, provinsiale- en plaaslike regerings, met mekaar vergelyk ten opsigte van uitbrake wat in spesifieke gebiede plaasgevind het gedurende 1990. 5,5% (n=13) van die plaaslike regerings het aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in hulle onderskeie plaaslike regeringsgebiede gehad wat aangemeld is. 94,5% (n=223) van die plaaslike regerings het geen aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in hulle onderskeie plaaslike regeringsgebiede gehad nie en is gevolglik uitge-laat in Tabel 3.

TABEL 3: SENTRALE-, PROVINSIALE- EN PLAASLIKE REGERINGS
SE AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSAANMELDINGS
VIR DIESELFDE PLAASLIKE GEBIEDE VIR 1990.

GEBIED (PLAASLIKE REGERINGS KODE)	SENTRALE REGERING	PROVINSIALE REGERING	PLAASLIKE REGERING
14	0	0	0
15	0	17	0
29	0	47	49
66	79	79	79
126	192	44	68
136	19	0	0
150	11	0	6
171	11	0	0
194	0	0	8
209	15	16	16
223	0	17	17
233	GT	45	48
235	0	11	33

NB = Nie Beskikbaar

GT = Geen Terugvoering

In Tabel 3 is daar drie gevalle waar die plaaslike regering en vyf gevalle waar die provinsiale regering nie data kon voorsien vir 1990 nie. Die sentrale regering het in vyf gevalle nie oor data beskik nie. Verskille tussen data wat deurgestuur word kom voor.

In die onderstaande Tabel 4 word die aantal aanmeldbare voedselvergiftigingsaanmeldings van die drie vlakke van regering, met ander woorde sentrale-, provinsiale- en plaaslike regerings, met mekaar vergelyk ten opsigte van uitbrake wat in spesifieke gebiede plaasgevind het gedurende 1991. 4,2% (n=10) van die plaaslike regerings het aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in hulle onderskeie plaaslike regeringsgebiede gehad wat aangemeld is. 95,8% (n=226) van die plaaslike regerings het geen aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in hulle onderskeie plaaslike regeringsgebiede gehad nie en is gevolglik uitgelaat in Tabel 4.

TABEL 4: SENTRALE-, PROVINSIALE- EN PLAASLIKE REGERINGS
SE AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSAANMELDINGS
VIR DIESELFDE PLAASLIKE GEBIEDE VIR 1991.

GEBIED (PLAASLIKE REGERINGS KODE)	SENTRALE REGERING	PROVINSIALE REGERING	PLAASLIKE REGERING
29	78	1	1
37	58	0	0
49	0	0	1
53	0	51	5
66	0	5	5
99	0	0	7
150	76	0	74
185	0	0	3
207	24	0	0
233	GT	0	0

NB = Nie Beskikbaar

GT = Geen Terugvoering

In Tabel 4 is daar weer eens drie gevalle waar die plaaslike regering en sewe gevalle waar die provinsiale regering nie data vir 1991 kon voorsien nie. Die sentrale regering het in vyf gevalle nie oor data beskik nie aangesien inligting van die plaaslike- en provinsiale regerings nie deurgegee is na die Departement van Gesondheid nie. Verskille tussen data wat deurgestuurd word kom ook weereens voor.

In die onderstaande Tabel 5 word die aantal aanmeldbare voedselvergiftigingsaanmeldings van die drie vlakke van regering, met ander woorde sentrale-, provinsiale- en plaaslike regerings, met mekaar vergelyk ten opsigte van uitbrake wat in spesifieke gebiede plaasgevind het gedurende 1992. 4,7% (n=11) van die plaaslike regerings het aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in hulle onderskeie plaaslike regeringsgebiede gehad wat aangemeld is. 95,3% (n=225) van die plaaslike regerings het geen aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in hulle onderskeie plaaslike regeringsgebiede gehad nie en is gevolglik uitgelaat in Tabel 5.

TABEL 5: SENTRALE-, PROVINSIALE- EN PLAASLIKE REGERINGS
SE AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSAANMELDINGS
VIR DIESELFDE PLAASLIKE GEBIEDE VIR 1992.

GEBIED (PLAASLIKE REGERINGS KODE)	SENTRALE REGERING	PROVINSIALE REGERING	PLAASLIKE REGERING
23	6	0	0
29	16	3	7
37	0	25	0
66	0	0	1
97	0	6	6
150	18	0	0
194	30	45	45
206	14	0	0
207	108	0	0
230	25	0	0
233	GT	0	0

NB = Nie Beskikbaar

GT = Geen Terugvoering

In Tabel 5 is weer eens gevalle waar die provinsiale- en plaaslike regering nie data vir 1992 kon voorsien nie. Die plaaslike- sowel as die provinsiale regering het albei in sewe gevalle nie oor data beskik nie. Daar is ook weereens groot verskille tussen die data wat deurgegee word aan die Departement van Gesondheid. Die sentrale regering het slegs in drie gevalle nie data gehad nie.

In Tabel 1-5 en Tabel I1 in Aanhangsel I verskyn 'n opsomming van die data afkomstig vanaf die plaaslike regeerings wat aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake gehad het, asook die data wat die Departement van Gesondheid se hoof- en streekskantore verskaf het.

4.2 KWALITEIT VAN DATAGENERASIE TYDENS VELDONDERSOEKE SOOS DEUR VRAELYS EN ONDERSOEK VAN VERSLAE BEPAAL

4.2.1 AANTAL PLAASLIKE REGERINGS IN DIE "STUDIESTREEK"

Die 236 plaaslike regerings het bestaan uit 213 munisipaliteite en 23 streeksdiensterade. (Sien Tabel F1 Aanhangel F).

4.2.2 GRADERING VAN PLAASLIKE REGERINGS (MUNISIPALITEITE) IN "DIE STUDIESTREEK"

71,9% (n=151) van die munisipaliteite in "die studiestreek" word geklassifiseer tussen Graad 1 en Graad 5 (Tabel 6). 23,3% (n=49) van die munisipaliteite in "die studiestreek" word geklassifiseer tussen Graad 6 en Graad 9 (Tabel 6). 4,8% (n=10) van die munisipaliteite in "die studiestreek" word geklassifiseer tussen Graad 10 en Graad 15 (Tabel 6).

TABEL 6: OPSOMMINGSTABEL VAN GEGRADERDE MUNISIPALITEITE IN "DIE STUDIESTREEK"

GRADERING	AANTAL
GRAAD 1 - 5	151
GRAAD 6 - 9	49
GRAAD 10 - 15	10

Die uitslae wys dat die kleinste plaaslike regerings nie oor hulle eie gesondheidsdepartemente beskik nie. Die diens word in die meeste gevalle gelewer namens die plaaslike regering deur die streeksdiensteraad waarin die betrokke

plaaslike regering geleë is. Uit die studiebevolking van 236 plaaslike regerings het slegs 70% (n=166) plaaslike regerings 'n aanduiding gegee na aanleiding van die vraag. (Sien Tabel F4). 75,9% (n=126) plaaslike regerings beskik oor hulle eie gesondheidsdepartemente en 24,1% (n=40) beskik nie oor hulle eie gesondheidsdepartemente nie. Die diens in laasgenoemde geval word gewoonlik deur die streeksdiensteraad op 'n agentskapbasis aan die plaaslike regering gelewer.

Van die 25 plaaslike regerings betrokke by die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake gedurende die studietydperk, was 84% (n=21) munisipaliteite en 16% (n=4) streeksdiensterade betrokke. (Sien Tabel I1).

52,4% (n=11) van die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake het in die munisipale gebiede van Graad 6 tot Graad 9 munisipaliteite voorgekom (Sien Tabel 7). 28,6% (n=6) van die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake het in die munisipale gebiede van Graad 10 tot Graad 15 munisipaliteite voorgekom (Sien Tabel 7). 19% (n=4) van die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake het in die munisipale gebiede van Graad 1 tot Graad 5 munisipaliteite voorgekom (Sien Tabel 7).

TABEL 7: AANTAL AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAKE VOLGENS GRADERING VAN MUNISIPALITEITE

GRAAD 1 - 5 MUNISIPALITEITE	GRAAD 6 - 9 MUNISIPALITEITE	GRAAD 10 - 15 MUNISIPALITEITE
4	11	6

Graad 6 tot 9 en Graad 10 tot 15 munisipaliteite wat voltydse omgewingsgesondheidsbeamptes in diens het wat gereelde inspeksies van voedselpersele behartig, asook in die meeste gevalle voorligtingsveldtogte (in sommige gevalle spesifieke voedselvergiftigingsveldtogte) van stapel stuur, word die meeste aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in die Graad 6 tot 9 en Graad 10 tot 15 munisipaliteite se areas aangetref. By die Graad 1 tot 5 munisipaliteite wat in die meeste gevalle nie oor 'n voltydse omgewingsgesondheidsbeampte of voorligtingsveldtog beskik nie, het slegs vier aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake voorgekom. Daar moet ook in gedagte gehou word dat daar baie meer Graad 1 tot 5 plaaslike regerings in verhouding met die Graad 6 tot 9 en Graad 10 tot 15 plaaslike regerings is. (Sien Tabel 6). Verder moet daar ook gelet word na:

1. die vergelyking van die aantal gevalle in verhouding met die bevolking;
2. die vergelyking van die aantal voedselpersele. (Sien 4.5).

4.2.3 GESONDHEIDSWERKERS WAT 'N ROL VERVUL TYDENS DIE ONDERSOEK
VAN 'N AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAAK

Deur middel van die vraelys kon daar vasgestel word dat daar nege groepe mense is wat 'n rol speel in die gesondheidsveld by aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake. (Tabel 8).

TABEL 8: GESONDHEIDSWERKERS WAT 'N ROL VERVUL TYDENS DIE ONDERSOEK VAN 'N AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAAK

TIPE GESONDHEIDSWERKER	ROL TE VERVUL
Omgewingsgesondheidsbeampte	118
Mediese gesondheidsbeampte	13
Klinieksuster/verpleegkundiges	11
Distriks-geneesheer	6
Dokter	3
Hoof-omgewingsgesondheidsbeampte	2
Adjunk (Assistent) Hoof: Gesondheidsdienste	1
Senior omgewingsgesondheidsbeampte	1
Departement van Gesondheid	0

In 76,1% (n=118) van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vervul die omgewingsgesondheidsbeampte 'n rol. In 8,4% (n=13) van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vervul die Mediese Gesondheidsbeampte 'n rol. In 7,1% (n=11) van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vervul die klinieksuster/verpleegkundiges 'n rol. In 3,9% (n=6) van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vervul die distriks-geneesheer 'n rol. In 2,0% (n=3) van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vervul die dokter 'n rol. In

1,3% (n=2) van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vervul die Hoof-omgewingsgesondheidsbeampte 'n rol. In 0,6% (n=1) van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vervul die Adjunk (Assistent) Hoof: Gesondheidsdienste 'n rol. In 0,6% (n=1) van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vervul die Senior omgewingsgesondheidsbeampte 'n rol. Die Departement van Gesondheid het geen rol vervul in die ondersoek van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake nie. (Sien Tabelle 8).

4.2.4 PLAASLIKE REGERINGS MET 'N VOORLIGTINGSVELD TOG IN WERKING

65% (n=106) van die plaaslike regerings het 'n amptelike voorligtingsveldtog in werking. 14% (n=22) het geen voorligtingsveldtog in werking nie. 21% (n=35) van die plaaslike regerings het aangedui dat die vraag nie van toepassing was nie. By nadere ondersoek is vasgestel dat dié plaaslike regerings meestal die Graad 1 tot Graad 5 plaaslike regerings is wat gebruik maak van 'n omgewingsgesondheidsbeampte op 'n deeltydse basis. Gevolglik ontbreek die mannekrag gewoonlik om voorligtingsveldtogte te hou. (Sien Tabel F14).

62% (n=101) van die plaaslike regerings het 'n spesifieke voedselvoorligtingsveldtog in werking. 10% (n=17) het nie 'n spesifieke voedselvoorligtingsveldtog in werking nie. 27% (n=44) van die plaaslike regerings het aangedui dat die vraag nie van toepassing is nie, aangesien daar nie voedselverwerkingsaanlegte, ensovoorts binne die plaaslike

regering se gebied voorkom nie. (Sien Tabel F15).

4.2.5

TIPES VOEDSELVERGIFTIGINGSAGENSE BETROKKE EN AANTAL
UITBRAKE OOR DIE STUDIETYDPERK 1989 TOT 1992

TABEL 9: TIPES VOEDSELVERGIFTIGINGSAGENSE BETROKKE EN
AANTAL UITBRAKE OOR DIE STUDIETYDPERK 1989 TOT
1992

Organisme	1989	1990	1991	1992	Totaal
<i>S. aureus</i>	1	5	3	1	10
<i>Salmonellae</i>	1	1	1	2	5
Onbekend	1	1	3	3	8
<i>S. typhi- murium</i>	1	1	0	1	3
<i>C. perfrin- gens</i>	0	1	0	1	2
<i>C. botulinum</i>	1	0	0	0	1
Histamiene	0	0	0	1	1

Gedurende die tydperk 1989 tot einde 1992 was die organisme *Staphylococcus aureus* in 33,3% (n=10) verantwoordelik vir aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake. *Salmonellae* was in 16,7% (n=5) van die gevalle die verantwoordelike organisme wat aanmeldbare voedselvergiftiging veroorsaak het. Die organisme *Salmonella typhimurium* het in 10% (n=3) van die gevalle aanmeldbare voedselvergiftiging veroorsaak. *Clostridium perfringens* het in 6,7% (n=2) van die gevalle aanmeldbare voedselvergiftiging veroorsaak. *Clostridium botulinum* het in 3,3% (n=1) gevalle aanmeldbare voedselvergiftiging veroorsaak. By 26,7% (n=8) van die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake was dit nie bekend watter organisme betrokke was nie. Histamiene was ook in 3,3% (n=1) van die gevalle aangedui as die veroorsakende organisme. (Sien Tabel 9)

Tipes aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vir 1989 sluit die volgende in: *Clostridium botulinum*, *Staphylococcus aureus*, *Salmonella typhimurium*, *Salmonellae* en een onbekende tipe. Elkeen van bogenoemde het slegs een keer gedurende 1989 voorgekom. (Sien Tabel F16).

Die aantal persone betrokke by die bogenoemde vyf aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake was onderskeidelik 1, 5, 15, 60 en 70. Die rekenkundige gemiddelde is 30,2 en die mediaan is 15. (Sien Tabel F17).

Tipes aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vir 1990 sluit die volgende in: 'n Onbekende tipe, *Staphylococcus aureus*, *Salmonella typhimurium*, *Salmonellae* en *Clostridium perfringens*. Elkeen van bogenoemde het slegs een keer gedurende 1990 voorgekom met die uitsondering van *Staphylococcus aureus* wat vyf keer voorgekom het. (Sien Tabel F18).

Die aantal persone betrokke by die bogenoemde nege aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake was onderskeidelik 5, 10, 11 (twee gevalle), 15, 19, 32, 79 en 150. Die rekenkundige gemiddelde is 36,88 en die mediaan is 15. (Sien Tabel F19).

Tipes aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vir 1991 sluit die volgende in: Gastro-enteritis, *Staphylococcus aureus*, *Salmonellae* en een onbekende tipe. Gastro-enteritis en *Staphylococcus aureus* het onderskeidelik twee en drie keer voorgekom gedurende 1991. Die *Salmonellae* en die een

onbekende tipe het elkeen slegs een keer voorgekom gedurende 1991. (Sien Tabel F20).

Die aantal persone betrokke by die bogenoemde agt aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake was onderskeidelik 6, 19, 24, 31, 45, 53, 58 en 99. Die rekenkundige gemiddelde is 41,88 en die mediaan is 38. (Sien Tabel F21).

Tipes aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake vir 1992 sluit die volgende in: *Clostridium perfringens*, Gastroenteritis, Histamiene, 'n Onbekende tipe, *Salmonella typhimurium*, *Salmonellae* en *Staphylococcus aureus*. (Sien Tabel F22).

Die aantal persone betrokke by die bogenoemde sewe voedselvergiftigingsuitbrake was onderskeidelik 1, 2, 6, 14, 16, 18, 25, 30 en 108. Die rekenkundige gemiddelde is 24,44 en die mediaan is 16. (Sien Tabel F23).

4.2.6 VOLTOOIING VAN VERSLAE DEUR DIE ONDERSOEKBEAMPTTE NA VOLTOOIING VAN 'N AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAAK

10,4% (n=17) van die plaaslike regerings het verslae wat deur die ondersoekbeampte voltooi is op lêer geplaas terwyl 5,5% (n=9) van die plaaslike regerings nie verslae voltooi het nie. 44,8% (n=73) van die plaaslike regerings het aangedui dat hoewel aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake nie voorgekom het in hulle plaaslike regeringsgebiede nie, dit departementele beleid is om verslae te voltooi indien

aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in die toekoms sou voorkom. 39,3% (n=64) van die plaaslike regerings het aangetoon dat die vraag nie van toepassing was op hulle plaaslike regeringsgebiede nie aangesien daar geen aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake gedurende die studietydperk voorgekom het nie. (Sien Tabel F24).

4.2.7 TIPE INLIGTING DEURGEGEE AAN DIE DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

Plaaslike regerings wat aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake in hulle onderskeie regsgebiede gehad het, moes op die vraelys beskryf watter inligting aan die Departement van Gesondheid gestuur is. Daarvolgens is die volgende twaalf items geïdentifiseer te wete:

- Getalle (Sien Tabel F26).
- Ouderdom (Sien Tabel F27).
- Adres (Sien Tabel F28).
- Datum van aanmelding (Sien Tabel F29).
- Naam en van (Sien Tabel F30).
- Simptome (Sien Tabel F31).
- Inkubasietydperk (Sien Tabel F32).
- Veroorsakende organisme (Sien Tabel F33).
- Optrede (Sien Tabel F34).
- Monsters geneem (Sien Tabel F35).
- Geslag (Sien Tabel F36).
- Opvoeding (Sien Tabel F37).

Uit die respons op voorgenoemde vraag is daar ook afgelei dat daar plaaslike regerings is wat nie die Departement van Gesondheid in kennis stel van aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake nie.

9,8% (n=16) van die plaaslike regerings het verslae voltooi en die inligting oorgesend na die Departement van

Gesondheid. 1,2% (n=2) van die plaaslike regerings het nie die inligting deurgegee nie. 88,9% (n=145) van die plaaslike regerings het laat blyk dat die vraag nie van toepassing was nie. (Sien Tabel F25).

4.2.8 NIE-AANGEMELDE AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAKE WAARVAN PLAASLIKE REGERINGS BEWUS IS

Afgesien van die feit dat voedselvergiftigings waar vier of meer persone betrokke is ingevolge artikel 45 van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977) tot aanmeldbare mediese toestand verklaar is, is daar vermoed dat daar plaaslike regerings is wat bewus is van aanmeldbare voedselvergiftigingsgevalle wat nie aangemeld is nie. 'n Vraag om voorgenoemde te bevestig is daarom in die vraelys ingesluit. Sewe plaaslike regerings laat blyk dat gevalle van aanmeldbare voedselvergiftigingsgevalle wel voorgekom het, maar dat dit nie aangemeld is nie. Aangesien Suid-Afrika 'n ontwikkelende land is behoort daar baie meer aangemelde gevalle te wees. Afgesien van die 4,4% (n=7) van die plaaslike regerings wat bewus was van aanmeldbare voedselvergiftigingsgevalle wat nie aangemeld is nie, was daar 76,3% (n=122) plaaslike regerings wat nie bewus was van aanmeldbare voedselvergiftigingsgevalle wat nie aangemeld is nie. 19,4% (n=31) van die plaaslike regerings het aangedui dat dié vraag nie van toepassing was nie. (Sien Tabel F38).

4.2.9

AANTAL PASIËNTE BETROKKE BY NIE-AANGEMELDE AANMELDBARE
VOEDSELVERGIFTIGINGSGEVALLE

Die aantal pasiënte wat betrokke was by die bogenoemde aanmeldbare voedselvergiftigingsgevalle wat nie aangemeld is nie het aan die lig gebring dat daar plaaslike regerings is wat nie weet dat voedselvergiftigingsuitbrake van slegs **vier of meer** persone aanmeldbaar is nie. Vanaf die Tabel F39 kan afgelei word dat die voedselvergiftigings uitbraak waar die drie pasiënte betrokke is nie volgens die definisie as aanmeldbare voedselvergiftigings gevalle beskou kan word nie.

4.3 LYS VAN VOORGESTELDE ADDISIONELE VOEDSELGEDRAAGDE SIEKTE-TOESTANDE WAT DEUR DIE PLAASLIKE REGERINGS AANGEDUI IS AS MOONTLIKE BYVOEGINGS TOT DIE AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGS DEFINISIE

Verskeie plaaslike regerings het voorgestel dat die volgende addisionele voedselgedraagde siektetoestande moontlik bygevoeg kan word tot die aanmeldbare voedselvergiftigings definisie. Die getal in hakies, byvoorbeeld 106, dui aan die plaaslike regeringskode van die plaaslike owerheid wat die betrokke voorstel gemaak het.

Metaalvergiftiging	(106)
Histamiene	(29)
Pestisiedes	(29)
Chemikalieë	(29)
Parasiete	(106)
Swamme	(106)
Cholera	(106)
Gastro-enteritis	(106)
Vibrio Gastro-enteritidis	(106)
Yersiniosis	(106)
<i>Shigella</i>	(106), (137)
Streptokokkale Infeksies	(106), (150)
<i>Streptococcus pyogenes</i>	(136)
<i>Escherichia coli</i>	(29), (106), (120), (219)
<i>Bacillus cereus</i>	(29), (106), (137)
<i>Vibrio cholera</i>	(29)
<i>Vibrio parahaemolyticus</i>	(29), (106), (120)
<i>Campylobacter</i>	(106), (213)

4.4 BETROKKENHEID VAN DIE VERSKILLENDIGE GESONDHEIDSPERSONEELLEDE EN LEDE VAN PUBLIEK BY DIE AANMELDING VAN AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAKE:

TABEL 10: OPSOMMINGSTABEL VAN BETROKKE AANMELDERS VAN UITBRAKE

BETROKKE AANMELDERS VAN UITBRAAK	ROL VERTOLK
ALGEMENE PRAKTISYN	4
HOSPITAAL PERSONEEL	5
LEDE VAN PUBLIEK	2
DISTRIKSGENEESHERE	2
SUSTERS/KLINIEKSUSTERS	4
DEPARTEMENT VAN GESONDHEID	1

Tydens die studieprojek is daar vasgestel by die plaaslike regerings waar daar wel aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake aangemeld is, dat daar verskeie gesondheidspersoneellede en lede van die publiek wat die voedselvergiftigingsuitbrake aangemeld het. (Sien Tabelle F80-F85 asook Tabel 10).

4.4.1 DIE ROL VAN DIE ALGEMENE PRAKTISYN IN DIE AANMELDING VAN AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAKE

Algemene praktisyns het in 26,7% (n=4) van die gevalle die plaaslike regerings in kennis gestel van die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake. (Sien Tabel F80 asook Tabel 10).

4.4.2 DIE ROL VAN DIE HOSPITAAL PERSONEEL IN DIE AANMELDING VAN AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAKE

Hospitaal personeel het in 33,3% (n=5) van die gevalle die plaaslike regering in kennis gestel van die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake. (Sien Tabel F81 asook Tabel 10).

4.4.3 DIE ROL VAN LEDE VAN DIE PUBLIEK IN DIE AANMELDING VAN AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAKE

Lede van die publiek het in 13,3% (n=2) van die gevalle die plaaslike regering in kennis gestel van die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake. (Sien Tabel F82 asook Tabel 10).

4.4.4 DIE ROL VAN DIE DISTRIKSGENEESHARE IN DIE AANMELDING VAN AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAKE

Distriksgeneeshere het in 13,4% (n=2) van die gevalle die plaaslike regering in kennis gestel van die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake. (Sien Tabel F83 asook Tabel 10).

4.4.5 DIE ROL VAN DIE SUSTERS EN KLINIEKSUSTERS IN DIE AANMELDING VAN AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAKE

Susters en klinieksusters het in 26,7% (n=4) van die gevalle die plaaslike regering in kennis gestel van die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake. (Sien Tabel F84

asook Tabel 10).

4.4.6

DIE ROL VAN DEPARTEMENT VAN GESONDHEID IN DIE AANMELDING VAN AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGSUITBRAKE

Departement van Gesondheid het in 6,7% (n=1) van die gevalle die plaaslike regering in kennis gestel van die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake. (Sien Tabel F85 asook Tabel 10).

Om data van die plaaslike regerings te kry word die 17 plaaslike regerings wat deur middel van die vraelys aangedui het dat hulle aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake gehad het genader vir afskrifte van dié betrokke verslae. Net 47,1% (n=8) van die plaaslike regerings het beskikbare verslae ten spyte daarvan dat die aanmeldbare voedselvergiftigingsuitbrake wel ondersoek is.

Die formaat van dié wat verslae voltooi het, het baie verskille vertoon. Verslae was in beide memorandum en briefvorm voltooi, dit wil sê geen gestandiseerde vorm is gebruik nie. As gevolg van die feit dat die verslae nie volgens 'n standaard metode voltooi is nie, is 'n meet-instrument ontwerp wat gebruik kon word om aanmeldbare voedselvergiftigingsverslae te vergelyk. (Sien Aanhangsel G).

4.5 AANTAL INSPEKSIES PER JAAR BY DIE VERSKILLEND VOEDSELPERSELE

Aangesien voedselvergiftiging sy ontstaan het by voedsel-
persele waar die voedsel voorberei, verpak, bewerk en gaar-
gemaak word, is 'n vraag in die vraelys ingesluit om vas
te stel hoe gereeld elk van die verskillende voedselpersele
by benadering per jaar geïnspekteer word. 'n Tabel met agt
verskillende tipes voedselpersele is op die vraelys ver-
skaf. Die agt tipes was onderskeidelik: restourante & tee-
kamers; wegneemetes; hotelle; bakkerye; voedselfabrieke;
slaghuise; vishandelaars & visbakkers en supermarkte &
superettes. 'n Ander blokkie is ook in die tabel aangebring
vir die plaaslike regerings om ander voedselpersele daarin
aan te bring waarvoor daar nie reeds voorsiening in die
tabel gemaak is nie. Addisionele voedselpersele wat plaas-
like regerings onder andere gespesifiseer het sluit die
volgende in: melkerye; smouse; werksinkels; abattoirs;
nie-lisensieerbare persele; winkels; tuisnywerhede; kos-
huise; ouetehuse; informele voedselhanteerders; algemene
handelaars; sakepersele asook privaat wonings. Daar is ook
'n tabel met plaaslike regerings wat nie hulle "ander per-
sele" gespesifiseer het nie.

4.5.1 BESPREKING VAN BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OP- SIGTE VAN VERSKILLEND VOEDSELPERSELE (Sien Tabele F40 tot F61 Aanhangsel F):

Uit veral Tabele F40 tot F47 is daar veral een ooglopende
verskynsel. Die hoogste frekwensies van inspeksies per jaar
kom voor by 12, 24 en 52. Die meeste voedselpersele word

dus maandeliks, twee-maandeliks of weekliks besoek.

Aangesien 'n jaar uit 365 dae bestaan is besluit om naweke (Saterdag en Sondag) af te trek aangesien plaaslike regeerings se gesondheidsinspektoraat nie oor naweke werk nie. Dit laat 261 dae oor waartydens inspeksies by voedselpersele uitgevoer word. Publieke vakansiedae is nie afgetrek nie aangesien die aantal vakansiedae verander het gedurende die studietydperk. Inspeksies wat meer as 261 keer per jaar voorgekom het is as buitestaanders (outliers) geag.

4.5.1.1 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN RESTOURANTE EN TEEKAMERS:

Inspeksies ten opsigte van restourante en teekamers het gewissel van 2 keer per jaar tot 800 keer per jaar per plaaslike regering. (Sien Tabel F40). Die maandelikse (frekwensie 24), twee-maandelikse (frekwensie 20) en weeklikse (frekwensie 10) inspeksies kom voor. 41 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie restourante en teekamers het nie. Buitestaanders (outliers) is 364, 400 en 800. Laasgenoemde drie se frekwensie was slegs een elk.

4.5.1.2 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN WEGNEEMETE PERSELE:

Inspeksies ten opsigte van wegneemete persele het gewissel van 2 tot 400 keer per jaar. (Sien Tabel F41). Die ooglopende verskynsel van die maandelikse (frekwensie 25), twee-maandelikse (frekwensie 24) en weeklikse (frekwensie 10) is duidelik te sien. 36 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie wegneemete persele het nie. Die enigste buitestaander (outlier) is 400 met 'n frekwensie van een.

4.5.1.3 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN HOTELLE:

Inspeksies ten opsigte van hotelle het gewissel van 1 tot 156 keer per jaar. (Sien ook Tabel F42). Die ooglopende verskynsel van die maandelikse (frekwensie 41), twee-maandelikse (frekwensie 16) en weeklikse (frekwensie 6) is

duidelik te sien. Inspeksies 4 en 6 keer per jaar met 'n frekwensie van 8 elk kom ook voor. 39 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie hotelle het nie. Geen buitestaanders (outliers) kom voor nie.

4.5.1.4 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN BAKKERYE:

Inspeksies ten opsigte van bakkerye het gewissel van 1 tot 200 keer per jaar. (Sien Tabel F43). Die ooglopende verskynsel van die maandelikse (frekwensie 28), twee-maandelikse (frekwensie 21) en weeklikse (frekwensie 6) is duidelik te sien. Inspeksies 4 keer per jaar met 'n frekwensie van 8 kom ook voor. 47 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie bakkerye het nie. Geen buitestaanders (outliers) kom voor nie.

4.5.1.5 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN VOEDSELFABRIEKE:

Inspeksies ten opsigte van voedsel-fabrieke het gewissel van 1 tot 200 keer per jaar. (Sien Tabel F44). Die ooglopende verskynsel van die maandelikse (frekwensie 23), twee-maandelikse (frekwensie 16) en weeklikse (frekwensie 5) is duidelik te sien. Kwartaallikse inspeksies (vier inspeksies per jaar) met 'n frekwensie van 6 kom ook voor. 81 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie voedsel-fabrieke het nie. Geen buitestaanders (outliers) kom voor nie.

4.5.1.6 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN SLAG-HUISE:

Inspeksies ten opsigte van slaghuise het gewissel van 1 tot 208 keer per jaar. (Sien Tabel F45). Die ooglopende verskynsel van die maandelikse (frekwensie 25), twee-maandelikse (frekwensie 22) en weeklikse (frekwensie 10) is duidelik te sien. Inspeksies 6 (frekwensie 7), 18 (frekwensie 6), 30 (frekwensie 5) en 48 (frekwensie 5) per jaar kom algemeen voor. 34 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie slaghuise het nie. Geen buitestaanders (outliers) kom voor nie.

4.5.1.7 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN VIS-HANDELAARS & VISBAKKERS:

Inspeksies ten opsigte van vishandelaars & visbakkers het gewissel van 3 tot 200 keer per jaar. (Sien Tabel F46). Die ooglopende verskynsel van die maandelikse (frekwensie 21), twee-maandelikse (frekwensie 22) en weeklikse (frekwensie 8) is duidelik te sien. Inspeksies 6 keer per jaar met 'n frekwensie van 7 kom voor. 49 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie vishandelaars & visbakkers het nie. Geen buitestaanders (outliers) kom voor nie.

4.5.1.8 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN SUPERMARKTE & SUPERETTES:

Inspeksies ten opsigte van supermarkte & superettes het gewissel van 1 tot 624 keer per jaar. (Sien Tabel F47). Die

ooglopende verskynsel van die maandelikse (frekwensie 38), twee-maandelikse (frekwensie 18) en weeklikse (frekwensie 7) is duidelik te sien. Kwartaallikse inspeksies met 'n frekwensie van 8 kom algemeen voor. Inspeksies 6 en 18 (albei met frekwensie van 6) keer per jaar kom voor. 35 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie supermarkte & superettes het nie. Die enigste buitestaander (outlier) is 624 met 'n frekwensie van een.

Die volgende dertien voedselpersele (Tabel F48 tot en met Tabel 60) is daar nie voorsiening voor gemaak in die vrae-lys aan plaaslike regerings nie. Sekere plaaslike regerings het die volgende bygevoeg as addisionele areas wat belangrik geag word om voedselvergiftigingsuitbrake te voorkom.

4.5.1.9 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN MELKERIE:

Inspeksies ten opsigte van melkerie wissel van 1 tot 185 keer per jaar. (Sien Tabel F48). Inspeksies word ook maandeliks tot twee-maandeliks uitgevoer. 156 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie melkerie het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.10 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN SMOUSE:

Inspeksies ten opsigte van smouse wissel van 12 tot 98 keer per jaar. (Sien Tabel F49). Inspeksies word maandeliks (frekwensie 2), tot soveel as drie keer per maand uitge-

voer. 154 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie smouse het nie. Een plaaslike regering het nagelaat om aan te dui hoeveel keer per jaar sy melkery geïnspekteer word. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.11 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN WERKSWINKELS:

Twee plaaslike regerings het werkswinkels as belangrik geag. Een van die plaaslike regerings het ook nagelaat om aan te dui hoe gereeld sy werkswinkels geïnspekteer word. Die ander plaaslike regering inspekteer sy werkswinkels weekliks. (Sien Tabel F50). 159 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie werkswinkels het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.12 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN ABATTOIRS:

Slegs twee plaaslike regerings het abattoirs as belangrik geag. Een van die plaaslike regerings het ook nagelaat om aan te dui hoe gereeld sy abattoirs geïnspekteer word. Die ander plaaslike regering inspekteer sy abattoir weekliks. (Sien Tabel F51). 159 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie abattoirs het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.13 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN NIE-LISENSIEERBARE PERSELE:

Slegs twee plaaslike regerings het nie-lisensieerbare persele as belangrik geag. Een van die plaaslike regerings het ook nagelaat om aan te dui hoe gereeld sy nie-lisensieerbare persele geïnspekteer word. Die ander plaaslike regering inspekteer sy nie-lisensieerbare persele 250 keer per jaar. (Sien Tabel F52). 159 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle geen nie-lisensieerbare persele het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.14 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN WINKELS:

Slegs twee plaaslike regerings het winkels as belangrik geag. Een van die plaaslike regerings het ook nagelaat om aan te dui hoe gereeld sy winkels geïnspekteer word. Die ander plaaslike regering inspekteer sy winkels 3 keer per jaar. (Sien Tabel F53). 159 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie winkels het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.15 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN TUISNYWERHEDE:

Slegs vier plaaslike regerings het tuisnywerhede as belangrik geag. Een van die plaaslike regerings het ook nagelaat om aan te dui hoe gereeld sy tuisnywerhede geïnspekteer word. Die ander plaaslike regerings inspekteer hulle tuis-

nywerhede onderskeidelik 6 (frekwensie 1) en 12 (frekwensie 2) keer per jaar. (Sien Tabel F54). 157 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie tuisnywerhede het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.16 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN KOSHUISE:

Slegs twee plaaslike regerings het koshuise as belangrik geag. Een van die plaaslike regerings het ook nagelaat om aan te dui hoe gereeld sy koshuise geïnspekteer word. Die ander plaaslike regering inspekteer sy koshuise tweemaandeliks. (Sien Tabel F55). 159 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie koshuise het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.17 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN OUETEHUISE:

Slegs drie plaaslike regerings het ouetehuise as belangrik geag. Een van die plaaslike regerings het ook nagelaat om aan te dui hoe gereeld sy ouetehuise geïnspekteer word. Die ander twee plaaslike regerings inspekteer hulle ouetehuise 6 en 12 keer per jaar. Die frekwensie in albei gevalle is een. (Sien Tabel F56). 158 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie ouetehuise het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.18 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN INFORMELE VOEDSELHANTEERDERS:

Slegs een plaaslike regering het informele voedselhanteerders as belangrik geag. Ongelukkig het die plaaslike regering nagelaat om aan te dui hoe gereeld sy informele voedselhanteerders geïnspekteer word. (Sien Tabel F57). 159 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie informele voedselhanteerders het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.19 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN ALGEMENE HANDELAARS:

Slegs twee plaaslike regerings het algemene handelaars as belangrik geag. Ongelukkig het die een plaaslike regering nagelaat om aan te dui hoe gereeld sy algemene handelaars geïnspekteer word. (Sien Tabel F58). 159 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie algemene handelaars het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.20 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN SAKEPERSELE:

Slegs drie plaaslike regerings het sakepersele as belangrik geag. Ongelukkig het twee plaaslike regerings nagelaat om aan te dui hoe gereeld hulle sakepersele geïnspekteer word. (Sien Tabel F59). 157 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie sakepersele het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.21 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN PRIVAAT WONINGS:

Slegs drie plaaslike regerings het privaat wonings as belangrik geag. Ongelukkig het twee plaaslike regerings nagelaat om aan te dui hoe gereeld hulle privaat wonings geïnspekteer word. (Sien Tabel F60). 158 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie privaatwonings het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

4.5.1.22 BENADERDE AANTAL INSPEKSIES PER JAAR TEN OPSIGTE VAN ANDER PERSELE:

Inspeksies ten opsigte van ander persele het gewissel van 1 tot 52 keer per jaar. (Sien Tabel F61). Die ooglopende verskynsel kom slegs voor by die maandelikse inspeksies (frekwensie 6). 144 plaaslike regerings het laat blyk dat hulle nie ander persele het nie. Geen buitestaander (outlier) kom voor nie.

5. BESPREKING VAN RESULTATE

5.1 DATA AFKOMSTIG VAN SENTRALE-, PROVINSIALE- EN PLAASLIKE REGERINGS

Tabelle 1, 2, 3, 4 en 5 wys dat die huidige manier van aantekening en oordra van aanmeldingsdata oor aanmeldbare voedselvergiftiging in "die studiestreek" hopeloos onakkuraat is.

5.2 ADDISIONELE VOEDSELGEDRAAGDE SIEKTETOESTANDE WAT BY DIE AANMELDBARE VOEDSELVERGIFTIGINGS DEFINISIE BYGEVOEG KON WORD

Vir die doel van die studie is 'n definisie van voedselvergiftiging geskep aangesien daar in verskeie geraadpleegde bronne verskillende definisies bestaan het. Die definisie wat op bladsy een van die Voedselvergiftigings Vraelys vir Plaaslike Regerings in Suid-Afrika verskyn (Sien Aanhangsels A en B) lei as volg:

Vir die doel van hierdie vraelys word voedselvergiftiging gedefinieer as gemeenskaplike bron uitbrake van die volgende, waar vier of meer persone besmet is:

